

# Helderberg Gemeente

Leef met 'n passie vir God en 'n hart vir mense



## Roepingsverklaring 2018

Leef met 'n passie vir God en 'n hart vir mense en 'n wêreld in nood.

## Waardes

Vertroue – Leerbaarheid – Deernis – Gasvryheid

## Bedieningsfokusse

**GODwaarts** - Ons is geskape met 'n verlange om ons lewens met God te deel.

Ons behoort aan God! Die verhouding met die drie-enige God - Vader, Seun en Heilige Gees – is vir ons die belangrikste en mees fundamentele verhouding en dit raak ons lewens direk. Hierdie verhouding behels 'n oorgawe aan God, 'n voortdurende soeke na God se wil vir ons lewe, Sy wil te gehoorsaam en om saam met ander gelowiges Sy liggaam hier te wees. Ons ontdek God se wil vir ons lewe deur erns te maak met die Woord van God, verhoudinge met alle mense en die skepping. Om in verhouding met God te leef en biddend die lewe aan te pak, impliseer ook 'n intieme verhouding waar God ons kan vorm, en ons groei in kennis, liefde en bewondering vir Hom.

**METwaarts** - Ons is geskape met 'n verlange om die lewe met ander te deel.

Geloof vra van ons die moed en oortuiging om te aanvaar dat ons deel is van 'n groter geheel. Saam met ander ontdek ons God en leer ons Hom ken, ervaar ons sy teenwoordigheid, word ons gevorm en groei ons in ons verhouding met God. Ons maak erns met dissipelskap. Ons is almal geroep om Hom te volg en ons help mekaar om te ontdek wat dissipelskap alles behels. Ons word gevorm deur ons stories en lewens met mekaar te deel en ons help mekaar om met geloofsonderskeiding te leef.

**UITwaarts** - Ons is geskape met 'n verlange na 'n beter wêreld.

Ons getuig van die liefde van God die Vader vir sy hele skepping. Die hart van die evangelie is: Jesus Christus is die Here - Hy is gekruisig, Hy is opgewek, Hy het opgestaan. Die evangelie verander ons en raak ons lewens direk. Ons getuienis, waarvan geloofsgesprekke deel vorm, is gerig op ontmoeting met Christus en met 'n nuwe toewyding aan Hom. Ons is deur God geskape en geroep om van die wêreld 'n beter plek te maak. Elkeen het deel aan hierdie roeping. Ons staan ook nie alleen in hierdie roeping nie; God is alreeds aktief besig in hierdie wêreld. Saam met Hom rig ons tekens vir sy koninkryk op; is ons instrumente in Sy hande en wil ons graag 'n voorsmaak van sy Koninkryk wees.

**Ek maak dit moontlik deur my gebede, deelname en finansiële bydrae aan Helderberg Gemeente.**